Herald Sport

# “Bokkoors” by die klub uitgebreek

Wêreldbekerkoors is hoog en die begin van die Rugby Wêreldbeker het vandag afgeskop met die opening in Japan. Môre speel die Bokke teen die All Blacks en dit is die groot wedstryd waarvoor almal gewag het.



Die gholfklub wil ook hê dat al hulle lede kan deel in die fees en daarom is spel vervroeg na 07:30 vir inskrywings en die afslaan is om 08:00.

Die HBA *Monthly Mug* gaan ook gespeel word.

Die nuwe Weberbraai word ingewy na afloop van die gholf en vir dié wat die rugby gaan kyk is daar braaipakkies en bykosse te koop teen R70. Trek jou groen hemp aan en wys jou trots. Daar gaan ook 'n punteraai-boerpot wees. Daar sal genoeg beeld en klank en koue ys wees, bring die hele familie vir die geleentheid.

Om terug te kom na die gholf, Jerry Nhlapo het verlede Saterdag se kompetisie met 30 punte gewen. Hennie Pretorius was in die tweede plek.

Heilbron Spar hou op 12 Oktober hulle groot dag en spelers kan gerus vroegtydig inskryf, dit gaan weer 'n trefferdag wees volgens die SPAR-mense.

## KRANSFONTEIN RESIESDUIFKLUB

Op 14 September 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Drie Susters gevlieg. Daar het 377 duiwe deelgeneem in die reis. Die duiwe is 07:45 losgelaat. Met die loslating was dit mooi weer.

Die wenduif is deur Griessel Hokke geklok om 15:11. Die distansie was 689 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1543.237 meter per minuut.

**Hier volg die uitslae:**

1ste - Griessel Hokke
2de - Bosman & Seuns
3de - Spartan Pigeons
4de - Wolmarans Hokke
5de - FED Hokke
6de - FED Hokke
7de - FED Hokke
8ste - Wolmarans Hokke
9de - Spartan Pigeons
10de - Fourie Hokke



## HEILBRON DUIWEKLUB

Verlede Saterdag se wedvlugte het vanaf Richmond plaasgevind. Die eerste wedvlug se duiwe is om 06:45 losgelaat om die 600km aan te pak. Die winde was veranderlik. Die afstand is in 7 uur 20 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 82 km per uur. Frik Viviers se duiwe het albei wedvlugte gewen.

**RICHMOND OPE 1**

1. F Viviers
2. F Viviers
3. F Spangenberg
4. F Viviers
5. Zenith B
6. Zenith B
7. Zenith B
8. Zenith B
9. Zenith A
10. F Viviers

**RICHMOND OPE 2**

1. F Viviers
2. Zenith A
3. Zenith A
4. Crause & Seun
5. Zenith A
6. F Viviers
7. F Viviers
8. F Spangenberg
9. Zenith B
10. F Viviers

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 24 SEPTEMBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786

BULTFONTEIN : DOLF & ESTIE DU BRUYN
255 Top SAVM skape
11:00, Ons s'n, Bultfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WOENSDAG - 25 SEPTEMBER 2019
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

DONDERDAG - 26 SEPTEMBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 27 SEPTEMBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

